Basiese Riglyne vir binne-krieket (Indoor)

DRAKENZICHT CRICKET DEVELOPMENT

Binne-krieket is ‘n 1uur 20minute sport van pret, fiksheid en kompetisie vir alle ouderdomme om te speel: Mans en dames, oud en jonk, krieketspelers en nie-krieketspelers. Dit neem die vorm aan van basiese krieket beginsels en vaardighede: lopies hardloop, kolf-, boul- en veldwerk

Kolfwerk

- Toerusting: kolwers dra handskoene en ‘abdo guard’
- 4 kolfpare, elke paar kolf 4 beurte (24 balle)
- ‘non-striker’ staan by die hardloop kolfkamp
- As jy uit is verloor jy 5 lopies maar jy verlaat nie die nette tot jou kolfbeurt klaar is nie
- As 2 goeie balle na mekaar afgelewer sonder dat daar ‘n lopie gehardloop word moet die kolwers ‘n lopie hardloop met die volgende bal (3de bal reël), maar mag van die lopie afsien as ‘n wye/no-ball geboul word
- ‘non-striker’ mag sy kolfkampie verlaat sodra die bal die bouler se hand verlaat

Uit = minus 5 lopies

- vangskoot voordat die bal die grond raak (orals behalwe van die agternet af as die kolwer dit direk vir 6 slaan)
- word uitgeharloop
- skoon geboul
- gestomp
- Negatiewe inmenging
- Mankad (’non-striker’ buite sy kolfkampie voordat die bal die bouler se hand verlaat)



Formaat van die spel

- 8 spelers per span
- 16 boulbeurte per span, 6 balle per boulbeurt
- elke speler boul 2 beurte en kolf 4 beurte
- ‘n sagter bal en ligter kolf word gebruik

Boulwerk

- jy kan onderarm boul as jy wil
- elke speler boul 2 boulbeurte (6 balle per beurt)
- ‘No ball’ word geroep as die bal buite die speelvlak land, bo skouerhoogte van die kolwer hop of hoër as heuphoogte is met ‘n ‘full toss’
- Wye bal word geroep as die bal buite die wye bal lyne te lande kom
- as jy ‘n wye bal of ‘no ball’ boul word ‘n ekstra bal nie by die beurt geplaas nie maar die kolf span word 2 lopies gegee (behalwe as dit die laaste 3 balle van die kolfpaar se beurt is dan mag hul ekstra bal aanvra)
- bouler mag nie die agterste net gebruik om hom te help met sy aanloop nie.
- BELANGRIK!! Landingsvoet moet agter die boul lyn wees, geen deel van die voet mag aan die lyn raak nie - dit is ‘n ‘no-ball’ voorste voet fout.



Veldwerk

- daar is 8 veldwerkers in die nette
- die veldwerkers moet 4 aan elke helfde van die veld wees wanneer die bal afgelewer word
- spelers moet probeer om die bal weg van die nette af te hou want dit gee ekstra lopies aan die kolwers indien hulle ‘n lopie hardloop
- gooi / bons die bal terug na die voorste of agterste paaltjiewagters
- moenie te hard gooi nie - daar is baie spelers naby aan mekaar wat kan seerkry!!
- paaltjiewagter dra handskoen(e) en kan ‘shin pads’ dra
- alle spelers dra ‘abdo guards’ enige ander beskermende toerusting is opsioneel

Telbord